



**KONSEP GEINTEGREERDE VERVOER PLAN 2012/2016
KONSEP LUGKWALITEITBESTUURSPLAN 2013/2014**

Kennis geskied hiermee ingevolge artikel 21 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) dat die Munisipaliteit se Konsep Geïntegreerde Vervoer Plan 2012/2013 en die Konsep Lugkwaliteitbestuursplan op Woensdag 27 Maart 2013 in die Raad ter tafel gelê is.

Die plaaslike gemeenskap word uitgenooi om vertoë met betrekking tot die Planne aan die munisipaliteit voor te lê deur hul vertoë voor of op 11 Mei 2013 te rig aan die Munisipale Bestuurder (Vervoer Plan vir aandag Mnr D Hendriks en die Lugkwaliteitbestuursplan Me L Bezuidenhout) by onderstaande adres of faksnommer.

Die Raad sal die Konsepplanne tydens 'n vergadering wat op 29 Mei 2013 gehou sal word tesame met alle kommentaar of vertoë wat ontvang is oorweeg.

Die Konsepplan is gedurende kantoorure beskikbaar vir insae by die kantore van die Areasbestuurders in Gansbaai, Stanford, Hermanus en Kleinmond, in alle openbare biblioteke in die Overstrand, die Korporatiewe Hoofkantoor van die munisipaliteit in Hermanus en op die munisipaliteit se webwerf by www.overstrand.gov.za.

Persone wat nie kan skryf nie kan gedurende kantoorure by die onderskeie Areasbestuurders in Gansbaai, Stanford, Hermanus of Kleinmond besoek aflê waar daardie persone gehelp sal word om hul kommentaar of vertoë op skrif te stel.

**C GROENEWALD
MUNISIPALE BESTUURDER**

Overstrand Munisipaliteit
Posbus 20
HERMANUS
7200

Faksnommer: 028 316 3721

Kennisgewingnommer 20/2013